

HOOFSTUK 11

Die leer van Christus

1. Die persoon van die Middelaar

- 1.1 Ons Middelaar is Jesus Christus – Johannes 1:14.
- 1.2 Hy word die Seun van die mens en Seun van God genoem – Daniel 7:13.
- 1.3 Hy word God se *eniggebore* Seun genoem, omdat Hy die ewige natuurlike Seun van God is: Hy is as 'n natuurlike mens gebore.
- 1.4 Jesus word deur die werk van die Heilige Gees 'n mens. Ons weet nie hoe nie. Dis 'n Goddelike misterie.
- 1.5 Jesus is waaragtig God en waaragtig mens. Hy is God uit God. Hy het twee nature: 'n Goddelike natuur en 'n menslike natuur. Jesus se Goddelike natuur kry Hy van God die Vader deur die werking van die Heilige Gees.
- 1.6 Die menslike natuur van Christus kry Hy deur die ontvangenis en geboorte uit Maria. Maria het nie moeder geword langs die weg van huweliksomgang nie. Deur Maria het Jesus presies dieselfde natuur as ons.
- 1.7 Jesus en die Vader is van die begin af Een – Johannes 1. Jesus was dus van die begin af daarvan bewus dat Hy God is – Lukas 2:49. Hy het nie eers later, byvoorbeeld by sy doop, daarvan bewus geword nie. By sy doop ontvang Hy slegs die seël van sy roeping.
- 1.8 Elke keer wanneer Jesus die term *Seun van die mens* gebruik, praat Hy van sy lyde.
- 1.9 Die term *Seun van God* word elke keer gebruik om Jesus se oorwinning oor die dood en die duiwel aan te dui. Dit teken Jesus in sy Goddelikheid. Dit is ook wat dit beteken as Petrus teenoor Jesus bely: "*U is die Seun van die lewende God*" – Matteus 16:18.
- 1.10 Die vleeswording van Jesus is 'n daad van goedheid, nie van vernedering nie. Die Here sê self in Genesis dat Hy die mens goed geskape het. Die vernedering bestaan wel daarin dat Jesus tussen sondaars en die gevolge van hulle sondes lewe.
- 1.11 Die Middelaar moes aan die volgende vereistes voldoen om waarlik Verlosser te kon wees:
 - Hy moes waaragtig mens wees, want dis mense wat sondig – HK, vr. 14a.
 - Hy moes 'n regverdige mens wees, sodat Hy nie nodig gehad het om vir sy eie sondes straf te ondergaan nie – HK, vr. 13, 14, 16b.
 - Hy moes God en mens wees in een persoon, anders sou Hy nie God se straf oor die mense se sondes kon dra nie – HK, vr. 15.

2. Die werk van die Middelaar

- 2.1 Jesus Christus kom om Homself vir ons te offer. Die Ou Testament het dit al voorspel deur die offers van diere wat gebring is as tekens van versoening van die sondes van die een wat offer.
Hierdie offers was almal onvoldoende, omdat hulle slegs afskaduwinge was van Jesus se offer. Daarom moes die offers van die Ou Testament oor en oor herhaal word.
Wanneer Jesus Christus geoffer word, word daar nooit weer deur die Nuwe-Testamentiese kerk geoffer nie, omdat Jesus se offer die werklike en volmaakte offer was.
- 2.2 Jesus Christus was ook geroepe om die Naam van God aan al die Israëliete te openbaar – Johannes 17:4, 6, 26.
- 2.3 Hy het gekom om sy lewe vir ons af te lê – Johannes 10.
- 2.4 Jesus word ook 'n vloek ter wille van ons – Galasiërs 3:13.

- 2.5 Die Naam van die Verlosser is *Jesus*. Dit beteken *JHWH verlos*. Dit is waarom van Hom gepraat word as *Saligmaker*. *Jesus* is die Griekse Naam vir die volgende Hebreeuse name: Josea, Josia, Josua Jehosua, Hosia en Hosea.
- 2.6 Jesus ondergaan al die lyding ter wille van ons – Hy was sondeeloos en hoef dus geen straf te ondergaan nie.
- 2.7 Jesus betaal ten volle vir ons – met sy liggaam, sy bloed en sy lewe.
- 2.8 Ons kan die werk van Jesus saamvat met dié woorde: versoening en voldoening.
- 2.9 Die ampsname van die Middelaar is Jesus Christus – Matteus 1:21.
- Jesus – dui op die inhoud van sy ampswerk – JHWH verlos.
 - Christus – dui op die wettigheid van sy ampswerk – Johannes 1:42.

3. Die ampte van die Middelaar

Die Middelaar is met die Heilige Gees gesalf tot ons hoogste Profeet en Leraar – Deuteronomium 18:15, ons enigste Hoëpriester – Psalm 110:4, en ons ewige Koning – Psalm 2:6.

3.1 Profeet

Hy onderwys die uitverkorenes deur sy Gees. Hy het aan ons die verborge raad en wil van God oor ons verlossing volkome geopenbaar – HK, vr. 31.

3.2.1 Hoëpriester

Hy het ons met die enige offerande van sy liggaam verlos. Hy tree nog steeds vir ons by die Vader in met sy voorbidding. Hy bly in die heiligdom van God en bid daar vir dié wat Hy uitverkies het. As Priester het Hy geoffer en is Hy ook self geoffer.

3.2.2 Koning

Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Christus se Koningskap geld ook oor die duiwel en sy engele, want selfs hulle moet Hom gehoorsaam. Jesus se Koningskap duur vir ewig. Hy regeer ons met sy Woord en Gees. Hy bewaar ons deur hierdie verlossing wat Hy vir ons verwerf het – HK, vr. 31.

Bogenoemde drie ampte was in Jesus Christus nie drie aparte ampte soos ons dit vandag in die kerk ken nie. Jesus het hierdie ampte as een drievoudige amp beklee.

4. Die kerk en die Middelaar

4.1 Die kerklidmate – ons – word Christene genoem omdat ons aan Christus behoort – Handeling 11:26.

4.2 Ons ampstaak is nou dat ons die Naam van Christus moet bely. Dit is ons profetiese amp.

As priester moet ons onself as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy.

As koning moet ons teen die sonde stry en daarvoor heers, sodat ons 'n goeie en skoon gewete oor die saak kan hê. Ons sal na hierdie lewe in die ewigheid saam met Jesus regeer.

4.3 Die RKK sondig ten opsigte van die Naam van Christus omdat hulle hulle saligheid slegs gedeeltelik in Christus soek. Die res soek hulle by die heiliges. Die heiliges is dan mense wat deur die kerk as heiliges verklaar is! Verder soek hulle dit by hulleself deur goeie werke en selfs ook by die beelde wat hulle dra en vereer.